PERSVRYSTELLING
VIR ONMIDDELLIKE PUBLIKASIE

7 Oktober 2010

PSG KONSULT VERHOOG VERDIENSTE MET 10% IN TRAE MARK

PSG Konsult, die onafhanklike verskaffer van finansiële dienste, het ondanks ’n aarselende beleggingspubliek daarin geslaag om bevredigende resultate vir die ses maande tot einde Augustus te behaal.

Die groep se wesensverdienste per aandeel het met 9,6% tot 5.9c toegeneem nadat die omset, bestaande uit kommissie en ander bedryfsinkomste, met 21,4% tot R472,2 miljoen gestyg het en die toeskryfbare wins met 18,2% tot R48 miljoen.

’n Tussentydse dividend van 2.8c per aandeel (2009: 2.8c per aandeel) is vir die tydperk onder oorsig verklaar.

Bates onder administrasie het sedert Februarie 2010 met 12,7% tot R82 miljard toegeneem, terwyl vorderings van korttermyn-versekeringspremies, wat namens produkverskaffers gedoen word, stabiel op R1,45 miljard vertoon het.

Willem Theron, uitvoerende hoof van PSG Konsult, het gesê die resultate kan as bogemiddeld beskou word in vergelyking met onlangse winsaankondigings deur ander spelers in die bedryf. Dit is ook behaal te midde van ’n aarselende beleggerspubliek wat steeds ’n houding van wag-en-sien teenoor markte handhaaf.

“Laasgenoemde is veral duidelik as in ag geneem word dat die algehele indeks van die JSE in die tydperk onder oorsig met net 1,8% toegeneem het in vergelyking met die styging van 12,7% in die bates onder administrasie by PSG Konsult.

“Dit is duidelik dat beleggers nog nie genoeg vertroue het om aktief in die markte betrokke te raak nie. Baie van die faktore wat vertroue beïnvloed, is egter ekstern van aard.

“PSG Konsult is nietemin, met die nodige bates en breë kliëntebasis, goed geposisioneer om op enige verbetering in vertroue te kapitaliseer. Die groep is strategies gerat om sy kliëntebasis verder uit te brei, bates onder administrasie te verhoog en premies uit korttermynversekering verder te laat groei,” het Theron gesê.

Die groep se bedrywighede in finansiële beplanning en mediese versekering het in die tydperk onder oorsig stabiel vertoon.

Die onlangse verkryging van die onafhanklike korttermynversekering makelaars, Bouwer Collins in Port Elizabeth en Diagonal Insurance, met vyf kantore landwyd, word nie in die resultate onder oorsig weerspieël nie.

PSG Konsult is tans in die proses om PSG Online se aanbieding aan kliënte te verbreed, met aansienlike ontwikkeling wat in die afgelope ses maande gedoen is. ’n Aankondiging in dié verband kan later vandeesmaand verwag word.

Einde

Uitgereik deur MediaVision namens PSG Konsult

Media navrae

Willem Theron
Uitvoerende hoof
PSG Konsult
Tel: (028) 316 4735
Sel: 082 557 2132
E-pos: willem@psgkonsult.co.za

Gerhard Cloete
MediaVision
Sel: 083 300 6850
E-pos: gerhard@mediavision.co.za